# Manie Muis gaan kuier vir oupa muis.

# Werkboek

Naam: ________________________________________



Oupa M**ui**s woon in 'n h**ui**s onder 'n str**ui**k.
Daar voel hy sommer t**ui**s.

In sy komb**ui**s sit hy en eet 'n dr**ui**f.
Hy is vriende met d**ui**f, maar hy bly liewer **ui**t oupa **ui**l se pad.

***Kan jy raai watter klankie ons in hierdie boek gaan leer?***

# Waar kruip die -ui- klanke weg?


| | | | |
|---|---|---|---|
| **ui** | oo | ui | uu |
| ui | ee | eu | ui |
| oo | ui | eu | ou |
| eu | ui | oo | ui |
| eu | ui | ee | oo |
| ui | ee | eu | ui |
| ee | ui | o | eu |
| oo | ui | e | ui |

**Visuele diskriminasie**

Kyk mooi na die woorde in die eerste ry. Maak nou 'n sirkel om elke woord wat soos die een in die eerste ry lyk.



| | | | |
|---|---|---|---|
| muis | kuis | muis | suis |
| tuin | suis | muis | tuin |
| uil | uil | uil | peil |
| duif | duik | duik | duif |
| uit | uit | sluit | uit |
| suig | seig | suig | suid |
| vuis | vuis | luis | vuis |
| trui | ruit | trui | tuit |
| bruin | bruin | bruin | brein |
| huis | tuis | huis | huis |
| druiwe | druiwe | druif | duiwe |
| lui | uil | lui | uil |
| buite | buite | buit | buig |
| buig | duim | buig | puin |
| duim | duim | muis | duim |



**Lees die woorde hardop.**

| | |
|---|---|
| uil | uit |
| huil | huis |
| muis | duif |
| kuif | ruil |
| lui | vuis |



Kom ons leer oor sinne!

- Sinne begin met 'n **HOOFLETTER** en eindig met 'n **PUNT**.

Manie gaan kuier vir oupa.

- HOOFLETTERS word ook gebruik vir
  - **NAME** van MENSE.

Piet, Koos, Jan, Manie.

  - **NAME** van DAE.


Sondag, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag en Saterdag.

Maak 'n strepie onder elke hoofletter en elke punt.



Manie Muis kuier by oupa.

Manie kuier by oupa op die plaas. Hy gaan vir 'n hele week by oupa kuier. Oupa woon in 'n huisie tussen die wortels van 'n struik.




Manie sit en wag vir oupa wat vir hulle ontbyt gaan haal het. Skielik storm oupa die huisie binne met 'n groot tros pers druiwe in sy voorpote.



Hy is skoon uitasem. "Sjoe!" sê oupa benoud. "Zak die kat het my nou amper gevang!" Manie loer by die huisie se venster uit en daar sit Zak net buitekant oupa se huise.

Manie se hartjie klop doef, doef.  Manie is so bang dat hy eintlik sy duim suig.  "Jy hoef nie bekommerd te wees nie, Manie"  sê oupa. "Zak sal nou-nou moeg raak om te wag en terug gaan na sy huis."


Manie Muis wag en wag.  Zak wag en wag. Zak raak lui en gaap.  Hy krul homself op onder die boom en raak vas aan die slaap.



Jan kom speel in die tuin met sy groot bruin leerbal.  Hy skop die bal.   Die bal trek ver en... doef... val dit reg langs Zak.



Zak skrik baie groot en hardloop vinnig terug huis toe.  Jan lag vir Zak wat so groot skrik.



Manie Muis is bly dat Zak weg is. Hy en oupa eet te lekker aan die groot pers druiwe korrels.

[*1]


Mondeling:

Kom vertel vir jou maats van 'n dag toe jy baie groot geskrik het.

**Begripstoets** (Beantwoord die vrae in jou werkboek.)

1. Waar kuier Manie Muis?
2. Wie het amper vir oupa gevang?
3. Wat het oupa buite gaan doen?
4. Wat het Manie gedoen toe hy so bang geword het?
5. Wat het Jan buite gaan doen?
6. Waarvoor het Zak geskrik?
7. Waarvoor is jy bang?
8. Wat doen jy as jy bang word?
9. Manie het 'n week by sy oupa gekuier. Hoeveel dae is daar in 'n week?


[*1] Identifiseer in leesstuk die gebruik van hoofletters en punte.



Kom ons leer die dae van die week. Skryf elke woord twee keer. Skryf dit nou ook in jou werkboek.




| | | |
|---|---|---|
| Maandag | | |
| Dinsdag | | |
| Woensdag | | |
| Donderdag | | |
| Vrydag | | |
| Saterdag | | |
| Sondag | | |



## <u>Wees kreatief</u>.

- ❖ Kan jy aan nog 'n avontuur dink wat Manie Muis by oupa op die plaas beleef het.
- ❖ Skryf jou storie in jou kreatiewe skryfboek.



Die vrou was die

________.

(suil, ruit)




San het in die modder gespeel nou is haar klere




________.






(vuil, uil)

**Opdrag:**

Knip die prente en die woorde op die volgende bladsy uit. Plak die prente, met die regte woord langsaan, in jou werkboek.












HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!

| | |
|---|---|
| huil | vuis |
| duim | vuil |
| uil | ui |
| ruit | luis |
| druiwe | huis |
| muis | duif |


HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!



Goeiedag kinders.  Manie het vir my 'n dankie sê brief geskryf, maar hy het 'n paar foute gemaak.

Hy weet nog nie dat 'n sin met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig nie.  Kan julle die foute regmaak?



liewe oupa


baie dankie dat ek vir oupa kon kom kuier het

ek het dit baie geniet en ek hoop dat oupa gou vir ons sal kom kuier

mamma en pappa stuur groete

baie liefde
manie

Nie-sinne



**Skryf die nie-sinne netjies oor in jou werkboek.**

1. Manie is bang.

Manie is ______ bang ______.

2. Oupa eet druiwe.

Oupa eet _____ druiwe ______.

3. Zak die kat is stout.

Zak die kat is _____ stout ______.


**Probeer nou self!**

4. Ek trek 'n trui aan.

__________________________________

5. Ek gaan kuier by oupa.

__________________________________




Skryf nou jou eie brief, in jou werkboek.

Liewe ___________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

________________________

Baie liefde

_________________

# Ken jy al jou —ui- woorde?

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| | |
|---|---|
| Ek ken al die —ui- woorde. | |
| Ek ken die meeste van die —ui- woorde. | |
| Ek sal weer moet gaan leer. | |